

Een- voudig en elegant



DAMESTRUI

BENODIGDHEDE

7(7; 8; 8) bolle Patons Beehive 4-draad van 50 g elk; 1 paar elk breinaalde van 3,25 mm en 2,75 mm.

MATE

Borsmaat 81(86; 91; 97) cm; lengte vanaf skouer 65(67; 70; 70) cm; mou-naat 43 cm.

Die getalle in hakies het betrekking op groter mate; waar slegs een getal voorkom geld dit vir alle mate.

SPANNING

14 ste en 18 rye = 5 cm x 5 cm. Wel-slae hang af van die korrekte spanning van jou werk; gaan jou spanning sorg-vuldig na. Indien proeflappie te groot is, gebruik dunner breinaald, indien te klein, slaan oor na dikker breinaald.

AFKORTINGS

herh — herhaal; RK — regte kant van werk; VK — verkeerde kant; r — brei regs; aw — brei aweregs; st(e) — steek (steke); tes — tesame; ks — koussteek (1 ry r, 1 ry aw); g vt — garing vorentoe;

grtgo — gl 1, r 1, tgso; gl — glip; tgso — trek glipsteek oor; r2 tes — brei 2 te-same regs

AGTERPANT

Met 2,75-mm-breinaalde, stel 115(123; 131; 139) ste op.

1e Ry: aw 1, *r 1, aw 1, herh vanaf * tot einde.

2e Ry: r 1, *aw 1, r 1, herh vanaf * tot einde.

Herh dié 2 rye tot werk 8 cm lank is. ** Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde en brei ks (1e ry RK) tot werk 42(43; 46; 45) cm lank is.

VAN BLADSY 56

Mousgatvorming

Met RK voor, heg 5 ste af aan beg van vlge 2 rye, vermin 1 st aan elke kant van elke ry tot 95(99; 103; 107) ste oorbly.

Brei reguit voort tot werk 61(64; 66; 66) cm lank is. Heg af.

VOORPANT

Soos agterpant tot by **.

Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde.

1e Ry: brei tot laaste 44 ste, *(r 1, g vt, grtgso, r 8)* 4 keer.

2e en alle alt Rye: aw.

3e Ry: Brei tot laaste 44 ste, *(r 2, g vt, grtgso, r 7)* 4 keer.

5e Ry: Brei tot laaste 44 ste, *(r 3, g vt, grtgso, r 6)* 4 keer.

7e Ry: Brei tot laaste 44 ste, *(r 1, r 2 tes, g vt, r 1, g vt, grtgso, r 5)* 4 keer.

9e Ry: brei tot laaste 44 ste, *(r 2 tes, g

vt, r 3, g vt, grtgso, r 4)* 4 keer.

11e Ry: soos 7e ry.

13e Ry: soos 9e ry.

15e Ry: brei tot laaste 44 ste, *(r 2, g vt, gl 1, r 2 tes, tgso, g vt, r 6)* 4 keer.

16e Ry: aw.

Die ste tussen die sterre van die laaste 16e rye vorm één band van motiewe.

Op laaste 36 ste word 1 band van 3 motiewe gebrei, dan op laaste 28 ste 1 band van 2 motiewe, brei alle ander ste in ks. Gaan voort in ks, 1e ry RK, oor alle ste tot werk 42(43; 46; 45) cm lank is.

Mousgatvorming en halsverdeling

Met RK voor, heg 5 ste af aan beg van vlge 2 rye.

Vlg Ry: r 2 tes, r 50(54; 58; 62) ste, draai.

Vlg Ry: aw tot by laaste 2 ste, aw 2 tes.

Vermin 1 st aan mousgatrand op vlg 0(4; 4; 8) rye.

Brei 'n band van 2 motiewe oor laaste 28 ste, vermin 1 st aan mousgatrand op vlge 3(1; 3; 1) rye. Brei 'n band van 3 motiewe oor die laaste 42 ste, daarna oor laaste 45 ste 'n band van 4 motiewe, brei alle orige ste in ks. Brei 2 rye ks, heg af. Keer terug na oorbl ste, gl vlg st op stuk draad vir halsstrook, heg draad vas aan oorbl ste en brei alle ste in ks om ooreen te stem met 1e kant, alle vormings omgekeer.

MOUE

Met 2,75-mm-breinaalde, stel 59(61; 61; 63) ste op.

1e Ry: aw 1, *r 1, aw 1, herh vanaf * tot einde.

2e Ry: r 1, *aw 1, r 1, herh vanaf * tot einde.

FRISCHBAD...
EN
VOEL.



Frisc

Herh laaste 2 rye tot werk 8 cm lank is. Slaan oor na 3,25-mm-breinaalde.

Vlg Ry: r 2(1; 1; 0), *vermeer 1 keer in vlge st, r 1, herh vanaf * tot laaste 1(0; 0; 1) st, r 1(0; 0; vermeer) — 87(91; 91; 95) ste.

Brei voort in ks (1e ry VK) tot werk 43 cm lank is.

Moukopvorming

Met RK voor, heg 1 st af aan beg van elke ry tot 43 ste oorbly. Heg 2 ste af aan beg van elke ry tot 31 ste oorbly. Heg af.

SKOUERSTUK (agter)

Met 3,25-mm-breinaalde stel 87(91; 95; 99) ste op en brei 14 rye in ks (1e ry RK)

Skouervorming

Met RK voor heg 9(9; 10; 10) ste af aan beg van vlge 2 rye.

Heg 9(10; 10; 10) ste af aan beg van vlge 2 rye.

Heg 10(10; 10; 11) ste af aan beg van vlge 2 rye.

Plaas 31(33; 35; 37) ste op stuk gare.

SKOUERSTUK (linkervoorkant)

Met 3,25-mm-breinaalde stel 28(29; 30; 31) ste op en brei 14 rye ks (1e ry RK)

Skouervorming

Met RK voor, heg 9(9; 10; 10) ste af aan beg van vlge ry en 9(10; 10; 10) ste aan beg van vlge alt ry.

Vlg Ry: aw.

Heg oorbl 10(10; 10; 11) ste af.

SKOUERSTUK (regtervoorkant)

Soos linkervoorkant van skouerstuk, maar brei in spieëlbeeld.

Werk agter- en voorste skouerstuk

aanmekaar vas en ryg romp effens in om te pas. Werk regterskouer toe.

HALSSTROOK

Met 2,75-mm-breinaalde tel op en brei 70(74; 74; 78) ste egalig oor linkerkant van halsrand, brei die steek in middel van V en merk hierdie steek; tel op en brei 71(75; 75; 79) ste egalig oor regterkant van halsrand, brei dan oor 31(33; 35; 37) ste aan agterhalsrand — 173(183; 185; 195) ste.

Vlg Ry: r 1, *aw 1, r 1, herh vanaf * tot einde.

Brei 8 rye in rif, vermin 1 st aan elke kant van middelste V in elke ry. Heg lossies in rif af.

AFWERKING

Werk linkerskouer, sy- en mounate toe. Werk moue in.

friskie!



Wat is Frischbad? 'n Badvol bruisende blink borreltjies met 'n lieflike lowergroengeur. En 'n titteltjie troetelfyn olies vir 'n droomsagte, roomsagte vel. Frischbad Skuimbad. Dit maak jou troetelsag... laat voel jou friskkie!

FRISCHBAD SKUIMBAD